

Maandelikse gemeentebrief Maart 2017

“Kyk Pappa, hier is dan niks mure nie!”

Met hierdie woorde druk ons jongste dogtertjie haar verbasing uit toe ons onlangs tydens ’n skoolvakansie deur ’n woonbuurt in ’n bekende Suid-Kaapse dorp ry. En sy was reg! Die huise in daardie buurt het geen mure, elektriese heinings of afgesperde strate nie. Vir ’n oomblik voel dit vreemd; ons is immers al so gewoond aan die woonbuurte in Johannesburg waar huise en komplekse se hoë mure versier word met kameras wat vir jou loer, elektriese drade, toegangsbeheer en wagte.

En tog het dit ook so reg gevoel. Wat eerste by my opgekom het in hierdie “muurlose buurt” was terugflitse aan my kinderdae. Mense verwys dikwels nostalgies na die dae toe kinders sorgeloos in die strate krieket gespeel het, fiets gery het en boom geklim het. Die lewe het baie verander en die sorgeloosheid van ons kinderjare het plek gemaak vir mure. Veral onsigbare mure van wantroue en agterdog tussen mense. Die onsigbare mure, so lyk dit vir my, groei deesdae stewiger en vinniger as ooit.

Die gewildheid van die nuwe president van die VSA, Donald Trump, is onder andere die gevolg van sy voorneme om ’n groot muur tussen hom en sy bure in Mexiko te bou. Sy “travel ban”-wet wat ’n “muur” bou tussen die VSA en sekere mense uit Midde-Oosterse lande het intussen al talle families uitmekaar geskeur. In Europa word die mure van groeiende konserwatisme en nasionalisme, gebore uit ’n vyandigheid teenoor vlugteling-immigrante ook fluks gebou. Brittanje doop hulle “muur” sommer “Brexit”. Suid-Afrika is ook nie ver agter nie. Met die onlangse opening van die parlement was dit opvallend hoe die rye en rye doringdraad en soldate ’n muur gevorm het tussen die parlamentslede en die landsburgers wat hulle moet dien. Gereelde xenofobiese geweld, groeiende rassisme, klassisme, seksisme en verdeeldheid versterk verder die “onsigbare mure” tussen die “ons” en “hulle” van ons samelewing.

Mure is natuurlik niks nuuts nie. Die Bybel praat ook van mure. Die mure om Jerusalem was indrukwekkend en so ook die mure om die

tempel. Maar opvallend van die stad Jerusalem was ook die talle hekke/poorte – twaalf om presies te wees. Nehemia 3 verwys onder andere na die herstel van die mure, maar ook die regmaak van die talle hekke sodat alle mense toegang kon kry tot die stad. By die Skaappoort (v.3) is bv. plek gemaak vir die offers (aanbidding); by die Vullispoort (v.13) is die rommel van die stad weggegooi (die ou bagasie) en die Fonteinpoort (v.15) was die hoofwaterbron van die stad (nuwe lewe). Al die poorte het toegang tot die stad verleen en mense verwelkom. Die hekke word dus die toonbeeld van nuwe lewe, energie en gasvryheid.

Eeue later staan Jesus by een van die hekke naby die tempel en sê vir sy gehoor in Joh. 10:9 **“Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry.”** Jesus kies doelbewus die beeld van ’n hek en nie ’n muur nie. Hy het juis gekom om mure af te breek en lewe te herstel. Eerstens breek hy die muur tussen God en ons af (die voorhangsel/skeiding tussen God en ons het letterlik in die tempel geskeur toe Hy sterf aan die kruis), maar so ook die mure tussen mense. Daarom word ons



nie meer gedefinieer deur ons velkleur, taal, geslag, agtergrond of enige ander vorm van “skeidsmuur” nie, maar deur ons geloof in en verhouding met God.

Mag ons gemeente in hierdie dae van groeiende verdeeldheid, wantroue, vrees vir die vreemdeling en onverdraagsaamheid eerder bekend staan as ’n ruimte wat die onsigbare mure afbreek en kies om ’n hek te wees – ’n poort na ’n nuwe lewe wat alle mense verwelkom en saam deel in God se nuwe wêreld.

Seënwense van huis tot huis.

Neil du Plessis